Dinsdag **23 Julie**

**Skrifgedeelte: Matteus 11:25-30**

**Fokusgedeelte: Matteus 11:28 (AFR53)**

**Die Redder roep: Kom na My toe!**

Die Here Jesus jubel oor sy kerk van verlostes. *Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het.* Christus loof God, wat Homself openbaar aan mense wat verag word vir hulle eenvoud, maar hulle gló wat God sê. Die Vader is lofwaardig vir die besluit om ’n gemeente uit te kies uit ’n wêreld vol sondaars. Ja, Vader, want so was dit u welbehae.

Die evangelie van redding deur genade sonder verdienste, ontneem sondaars se selfbeskikking. Alles is aan My oorgegee deur my Vader, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar. Sonder Christus kan niemand met die Heilige Vader versoen word nie en sonder die Vader se begenadiging ken niemand die Verlosser nie. Jesus rig met volkome gesag ’n uitnodiging wat volkome red. Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.

Wêreldse mense worstel nie vermoeid en belas met hulle eie sonde nie. Daarom gaan die genaderoep van Christus hulle verby. Begenadigdes, in wie die Gees werk, ontvang die uitnodiging wat vertroos. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele.

Ons Here Jesus Christus eis totale onderwerping in biddende vertroue. Sy belofte is lewensveranderend en omvattend. Lewe en dood, hemel en hel, is gekoppel aan vertroue op God, sentreer in Hom. Ongelowiges wat sy evangelie verag, gaan in hulle moedswillige sonde verlore. Uitverkorenes ontvang bemagtiging, jou Verlosser beloof veilige toevlug. Die vas en seker rus van vergifnis, wat Hy gee, sal jou siel oplig en vlerke gee, om Hom altyd te loof en te prys. Hy maak jou vermoeide en belaste lewe ’n voorregtyd, onder die sorg van die Heilige Gees. Jubel elke dag voor die Here. My juk is sag en my las is lig.

*Sing Psalm 48-1:1, 5*

*Ds. LJ (Lou) Erasmus (Naboomspruit)*